

**Woensdag 18 Mei**

**Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8; HK Sondag 12, Antwoord 32**

**Fokusgedeelte: Romeine 12:1**

### **Die Christen as priester: wees 'n lewende dankoffer**

By die behandeling van Christus as Priester, het ons gesien dat die priester veral drie belangrike take gehad het, naamlik om te *offer*, te *bid* en te *seën*. Christus het al drie hierdie dienste vervul. Indien ons nou as Christene ware priesters wil wees, moet hierdie drie dienste ook by ons gevind word. Ons belydenis noem hier net die *offer*. As priesters moet ons egter ook *bid* en vir ander 'n *seën* wees. Ons priesterlike offerdiens word in die Kategismus aangedui met die woorde: "... sodat ek myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy." Christus het Homself vir ons aan die kruis geoffer. As ons werklik Christene is, beteken dit dat die selfofferande van Christus op so 'n wyse in ons lewens geopenbaar word dat ons nou ook offers bring in sy diens: vir die uitbreiding van sy koninkryk en die eer van sy Naam. Christus het alles opgeoffer om ons te red, om ons saak te bevorder. Daarom moet ons nou ook bereid wees om alles op te offer om sy saak te bevorder. As 'n dankbare wederliefde deur die Heilige Gees in ons ontken is, sal ons dit ook doen. Dit is ook wat Paulus bedoel as hy sê: "*En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is*" (Rom. 12:1). Paulus sê in die oorspronklike Grieks dat ons ons liggame aan God moet offer. Hy sê dit omdat ons hele lewe, alles wat ons dink en doen en sê, op een of ander wyse verband hou met ons liggame en daarin of daardeur geopenbaar word. Wat Paulus sê, is dus presies dieselfde as wat die Kategismus sê, naamlik dat ek myself as 'n lewende dankoffer aan die Here moet toewy. Ons moet nie *iets* van ons nie, maar onself met alles wat ons is en het aan die Here toewy. Ons hele lewe moet een groot offer in die diens van die Here wees. Natuurlik beteken dit nie dat ons die hele dag net Bybel lees en bid nie. Ook nie dat almal predikante moet word nie. Dit beteken wel dat ek alles wat ek doen, volgens die wil van die Here en tot die eer van sy Naam moet doen. Dit beteken ook dat ek moet kom tot ware *selfverloëning* sodat nie my wil die laaste sê in my lewe sal hê nie, maar die wil van die Here. Om myself as 'n lewende dankoffer aan die Here toe te wy, beteken dat ek aan Hom sal sê: Here, elke minuut wat U my op die aarde laat lewe, wil ek in u diens staan. Met die verstandelike vermoëns wat U my gegee het, wil ek U eer. My bankbalans, Here, U het die eerste seggenskap daarvoor. My optrede teenoor my medemens, Here, laat dit so wees soos U dit wil hê.